NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 26 OKTOBER 2006 TE BYBELHUIS, PE

1. OPENING

1.1 Ds Louis Louw lei die opening. Hy gee geleentheid vir stilte en gaan dan voor in gebed.

1.2 Louis lees Filippense 1:27-2:11 en die vergadering Woon in die Woord.

1.3 Terugvoer

● Die optrede en denke van Christus moet die optrede en denke van die kerk bepaal. Dit is hierdie Jesus wat sy dissipels se voete gewas het.
● "En laat julle nie deur teenstanders afskrik nie" - van toepassing op kerkhereniging. Daar is genoeg teenstanders, en ondervinding leer my dat ek nie 'n saak sterk genoeg gestel het nie en weerstand skep derhalwe vertraging en koste. Doen die regte dinge onbevange en onbevrees.
● Om nie afgeskrik te word nie: dit is 'n duidelike teken vir teenstanders dat die evangelie teenstand oorwin en vernietig.
● As ons in Christus is, is alles moontlik. Dan tree ons ook onselfsugtig op.
● Hierdie teks is goeie opvoeding in die regte styl van menslike optrede. Christus maak al die verskil in ons gedrag.
● Fokus op die belange van ander.
● Hoofsaak: dat elkeen die knie sal buig voor Jesus Christus - Hom uitdra en verheerlik.
● Die belange van ander - die samelewing is volgelaai met mense wat na die lewe kyk uit die oogpunt van hulle eie hebsug.
● Die evangelie van Jesus Christus is die hoofsaak. Ons moet ferm opstaan vir die evangelie en bereid wees om daarvoor te ly.
● Strewe om eensgesind te wees. Eensgesind wees verwys na 'n Grieks-Romeinse proses waarin mense van mekaar bly verskil totdat eensgesindheid ("simfonie") skielik realiseer. God is teenwoordig in ons stryd om mekaar te vind.

1.4 Ds Christo van Heerden gaan voor in gebed, waarna die vergadering Lied 532 sing.

1.5 Verwelkoming van gaste uit die VGK

1.5.1 Die voorsitter heet di Lukas Plaatjie, Edward Thaane and Enoch Kibito in die vergadering welkom. Die UK Konvent vir Kaapland het op sy jongste vergadering besluit dat die Oos-Kaapse leierskap van die VGK Kaapland saam met die Oos-Kaapse moderatuur verantwoordelikheid neem om die kerkherenigingsproses in ons streek te lei en te fasiliteer. Dit is 'n deurbraak. Vir hierdie doel is di Lukas Plaatjie, Fezile Mbenenge, Andrew Fransman, Edward Thaane en Enoch Kibito aangewys.

1.5.2 Ds Schutte meld ook dat ds Wikus van der Walt van die plaaslike RCA gemeente, Malabar, by die byeenkomste van die Oos-Kaapse Konvent vir Eenheid betrek word. Hy kan ongelukkig nie vandag teenwoordig wees nie. Duidelikheid oor die posisie van die NGKA moet nog verkry word.

1.5.3 Ds Lukas Plaatjie bedank die vergadering vir die uitnodiging om aan die begin van die vergadering teenwoordig te wees. Die VGK sien met verwagting uit na die nuwe, herenigde kerk, hoewel dit duidelik baie energie gaan neem om so 'n kerk te skep. Mense van die Ooste staan bekend as wyse mense, en ons moet ons wysheid aan die hele kerk beskikbaar stel, en demonstreer dat mense uit verskillende kulture sáám die Here kan dien.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 B-Net - op uitnodiging

Ds BIC Steyn

2.4 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Nuwe sake word bygevoeg onder pt 11 ANDER SAKE.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

4.1 SK-Dagbestuur 2006-07-27 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Die notule word goedgekeur.

5. SAKE UIT DIE NOTULE

5.1 Terugvoer Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 5.1.1)

5.1.1 Die verslag is by die vorige SK-Dagbestuursvergadering hanteer en staan oor tot die volle vergadering van die SK op 2006-11-23.

5.2 Ondersoek deur Netwerk vir Navorsing: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 5.1.2)

5.2.1 Die saak staan oor.

5.3 Teologiese begronding van verskillende vergaderstyle (pt 5.1.3)

5.3.1 Die saak staan oor tot by die volle SK van November 2006.

5.4 Verslag ADGO Sinodale Verteenwoordiger: Lidmaatbemagtiging (pt 6.1.2)

5.4.1 Die saak staan oor. Ds Barnard Steyn sal die verslag met dr Jan Cloete opvolg.

5.5 Ad Hoc Werkgroep re Tentmakersbediening (pt 6.1.2.3) Bylaag L

5.5.1 Die vergadering bespreek Bylaag L (Konsepprogram vir die opleiding van Lidmate wat bedieningshulp in gemeentes verleen - dd 2006-10-10). Die bespreking en besluite word hanteer in die lig van die volmag wat die SK vaan die SK-Dagbestuur verleen het om hierdie beplanning op te stel en deur te voer (Notule SK 2006-05-18 pt 7.2.1.4).

5.5.2 Besluite:
5.5.2.1 Bylaag L word in sy geheel goedgekeur.
5.5.2.2 By pt 3.1 word "Titus" bygevoeg.
5.5.2.3 Die saak word deurgegee na ons gespreksgenote in die Konvent vir Eenheid.
5.5.2.4 Die DA en DL Finansies doen ondersoek na die moontlikheid om die teologiese beursfonds te benut vir die toekenning van beurse aan lidmate vir die opleiding. Die moontlikheid om die beursfonds aan te wend vir die opleiding van fasiliteerders word ook ondersoek.
5.5.2.5 Die opleiding word onder ringe se aandag gebring, aan die hand van Bylaag L wat as handleiding saamgestuur word. Ringe word ook uitgenooi om wyer as net NG lidmate te dink - ringe kan bv VGK lidmate ondersteun om die opleiding te ondergaan.
5.5.2.6 Goedgekeur dat meer as een fasiliteerder per ring die opleiding ondergaan, maar dan uit eie ringsfondse.
5.5.2.7 Die sinode neem verantwoordelikheid vir die reis- en verblyfskoste van die ringsfasiliteerders tydens hul opleiding.
5.5.2.8 Ringe word versoek om die naam(e) van hul ringsfasiliteerder(s) teen 17 November aan die DA te besorg.

5.6 Gesprek met ringsleraars: PE-Wes (pt 5.1.5)

5.6.1 Schalk du Toit doen verslag oor die gesprek met die ringsleraars van PE-Wes. Die gesprek het plaasgevind na aanleiding van 'n opdrag deur die Sinodale Kommissie op 18 Mei 2006, op grond van 'n versoek vanuit die ring self. Die bywoning was baie goed. Die gesprek het baie positief verloop, met enkele vrae en kwessies wat bespreek is. Die leraars het onderneem om 'n leraarskring te begin en aandag aan onderlinge verhoudinge te gee.

5.6.2 Besluit: Die moderatuur word versoek om die saak op te volg.

5.7 Terugvoer uit ringe oor moontlike nuwe sinodale pos (pt 5.2.1) Bylaag M en M.1

5.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag M en M.1 (Herstrukturering van die Sinodale Kerkkantoor - dd 2006-10-20).

5.7.2 Besluite:
5.7.2.1 Die twee ringe wat nie die verslag oor die sinodale pos tydens hul sittings bespreek het nie, word versoek om dit wel te hanteer (desnoods op ringskommissievlak) en terugvoer te gee.
5.7.2.2 Die vrae van die ringe en die skriftelike antwoorde daarop sal aan die SK-vergadering voorgelê word.
5.7.2.3 Die Ring van Queenstown word versoek om hul kennisname van die verslag te motiveer.

5.8 Gemeentes se finansiële verantwoordelikheid teenoor die algemene kerkverband (pt 5.2.4) Bylaag O

5.8.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Berekening van die bydrae tot die Algemene Sinode 2007 tot 2008 - dd 2006-10-19).

5.8.2 Besluite:
5.8.2.1 Kennis geneem van pte 1.-6.
5.8.2.2 Pt 7 word goedgekeur.
5.8.2.3 Die SK word versoek om op 23 November 2006 'n ad hoc taakspan saam te stel om 'n aanbeveling vir die Sinode van 2007 voor te berei re die befondsing van die Oos-Kaapse bydrae tot die funksionering van die Algemene Sinode. Aanbeveel dat die DL Finansies (sameroeper), DA en Aktuarius hierdie taakspan vorm, met die opdrag om wyd te konsulteer.

5.9 Amalgamasie KGA en SKGA (pt 8.2) Bylaag B

5.9.1 Die vergadering bespreek Bylaag B (Vennootskaplike bedieninge in die Oos-Kaap - dd

2006-08-01)

5.9.2 Besluit: Die saak staan oor totdat terugvoer vanaf die VGK verkry is.

5.10 Appél WSH du Randt (pt 20.1) Bylaag C

5.10.1 Die vergadering bespreek Bylaag C (Skrywe aan prof WSH du Randt ré appél verskeie besluite en optredes - dd 2006-07-31).

5.10.2 Besluit: Kennis geneem.

5.11 Timothy Opleidingsinstituut (pt 20.3)

5.11.1 Die skriba gee terugvoer dat die Timothy-Opleidingsinstiuut 'n ooreenkoms met die NGK Somerset-Oos aangegaan het, en aldaar gehuisves sal word. Ds Carl Davis sal ook verantwoordelikheid neem vir die bediening te Cookhouse.

5.12 Ringsprojekte 2007/2008 Bylaag N

5.12.1 Die vergadering bespreek Bylaag N (Opsomming van voorgenome ringsprojekte - ongedateerd)

5.12.2 Besluite:
5.12.2.1 Bylaag N word vir voorlegging aan die SK goedgekeur
5.12.2.2 Netwerkbestuurders word versoek om stories van hoop uit die projekverslae aan te teken en aan die skriba te stuur vir plasing in die OosKaap eNuus en op die webblad.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Verslag B-Net Bylaag R

6.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Verslag van die Begeleidingsnetwerk - dd Oktober 2006).

6.1.2 Besluite:
6.1.2.1 Pt 1 - Bnet-Struktuur - Goedgekeur
6.1.2.2 Pt 2 - Begroting 2007 - Kennis geneem, die begroting sal dien by die begrotingsvergadering van die SK-Dagbestuur.

6.2 Taakgroep Vrouelidmate Bylaag V

6.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag V (Taakgroep Vrouelidmate - dd 2006-10-26).

6.2.2 Besluit:
6.2.2.1 Kennis geneem van die skrywe.
6.2.2.2 Die vergadering herbevestig dat die Netwerk Vrouelidmate steeds deels van Bnet bly, soos in die verlede.

7. EKUMENE

7.1 UK Konvent 2006-10-17 Bylaag T

7.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag T (Notule UK Konvent - dd 2006-10-16):

7.1.2 Besluit: Kennis geneem van Bylaag T in sy geheel.

7.2 Notule Oos-Kaap Konvent 2006-10-17 Bylaag U

7.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag U (Notule Oos-Kaap Konvent vir Eenheid - dd 2006-10-17).

7.2.2 Besluit: Kennis word van Bylaag U in sy geheel geneem.

7.3 Notule Oos-Kaap Konvent 2006-10-25 Bylaag X

7.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag X (Notule Konvent vir Eenheid - dd 2006-10-25).

7.3.2 Besluite:
7.3.2.1 Kennis geneem van die tweetaligheid van die notule, aangesien die gesprek tweetalig was.
7.3.2.2 Pte 1 - 4.1.5 - Kennis geneem.
7.3.2.3 Pte 4.1.6 - 4.1.6.10 - Goedgekeur.
7.3.2.4 Pte 4.2 - 5. - Kennis geneem.

8. KOMMUNIKASIE

8.1 Webblad Algemene Sinode

8.1.1 Die skriba vestig die aandag op die baie suksesvolle en uitgebreide nuwe webblad van die Algemene Sinode, waarop ook vir streeksinodes voorsiening gemaak word. Die adres is www.ngkerk.org.za.

8.2 Webblad Oos-Kaapland

8.2.1 Die skriba het 'n wye reeks brondokumente op die Oos-Kaapse sinode se eie webblad geplaas, waaronder die lys gemeentes, ringe en samestelling van die Sinodale Kommissie. Daar is ook dokumente van die Konvent vir Eenheid, en belangrike dokumente rondom kerkhereniging. Dit kan bereik word by www.ngkooskaap.co.za.

9. MODERATUUR

9.1 Telefoonvergadering 2006-09-11 Bylaag D

9.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Ad hoc moderatuur : Telefoonkonferensie - dd 2006-09-11)

9.1.2 Besluit: Kennis geneem van Bylaag D in sy geheel.

9.2 Gesprek met ringsleraars re kerkhereniging Bylae P en Q

9.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag P (Gesprekke met ringsleraars oor kerkhereniging - ongedateerd). In hierdie verslag doen ds Hansie Schutte en dr Schalk du Toit verslag van die fasiliteringsgesprekke waarvoor hulle verantwoordelik was.

9.2.2 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Verslag re kerkhereniging - ongedateerd). Hierdie is die verslag van die fasiliteringsgesprekke re kerkhereniging wat dr Jan Viljoen en ds Danie Mouton gelei het.

9.2.3 Besluite:
9.2.3.1 Kennis geneem van Bylae P en Q.
9.2.3.2 Die bylae word saamgevoeg in een verslag en aan die SK voorgelê, met die bestaande aanbevelings.

10. KORRESPONDENSIE

10.1 Beskrywingspunte: Ring van Queenstown Bylaag E

10.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag E (Beskrywingspunte Ring van Queenstown - dd 2006-10-03) wat handel oor KO Bepaling 30.3 en die afvaardiging van geestelike.werkers na ringsvergaderings.

10.1.2 Besluit: Die skrywe word na die aktuarius en ds Arnold van der Westhuizen verwys om die vergadering hieroor te adviseer.

10.2 Skrywe CMR Oos-Kaap: Betrokkenheid by die Sinodale Kommissie Bylaag F

10.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (CMR Betrokkenheid op Sinodale kommissie - dd 2006-09-14).

10.2.2 Besluit: Die vergadering bevestig die bestaande kanaal van kontak tussen die SK en die CMR, dws via Bnet en die netwerkbestuurder vir Barmhartigheid (dr Anton Oliphant).

10.3 Ring van Graaff-Reinet - Herstrukturering Sinodale Kantoor Bylaag G

10.3.1 Die saak is afgehandel by pt 5.7.1.

10.4 Ring van Humansdorp - Herstrukturering Sinodale Kantoor Bylaag H

10.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag H (Besluit Ring van Humansdorp ten opsigte van die Sinodale Kantoor - dd 2006-09-29).

10.4.2 Besluit:
10.4.2.1 Die SK-Dagbestuur ontmoet die Ringskommissie van Humansdorp om persoonlik oor die ring se korrespondensie gesprek te voer, verkieslik op Woensdagmiddag 22 November 2006 om 15:00.
10.4.2.2 Hierdie gesprek sluit ook die ander onlangse korrespondensie van die ringskommissie in, tw Bylae I en Y op hierdie sakelys.

Nota: Vergelyk ook pte 10.5 en 10.9.

10.5 Ring van Humansdorp - Sinodale Dankoffers Bylaag I

10.5.1 Die vergadering neem Bylaag I (Sinodale Dankoffers - dd 2009-09-29) ter tafel.

10.5.2 Besluit: Die skrywe word ingesluit by die gespreksgeleentheid soos dit by pt 10.4.2 voorsien word.

10.6 Skrywe AP Kotze re Kerkhereniging Bylaag J

10.6.1 Die SK-Dagbestuur bespreek Bylaag J (Skrywe AP Kotze re kerkhereniging - dd 2006-08-28).

10.6.2 Besluit: Dit word aan die voorsitter opgedra om die skrywe te beantwoord.

10.7 Skrywe Cor du Plessis - die Wetlike implikasies van die inseën van huwelike Bylaag K

10.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Wetlike implikasies oor die moontlike inseën van huwelike - dd 2006-10-06).

10.7.2 Besluit: Die skrywe, met alle verbandhoudende korrespondensie, word na ATLAS verwys.

10.8 Aansoek om Navorsingsfondse Bylaag S

10.8.1 Die vergadering bespreek Bylaag S (Ds D Oelofse - Aansoek om navorsingsfondse - dd 2006-10-09).

10.8.2 Besluit: Die aansoek word verwys na die begrotingskommissie.

10.9 Skrywe Ring van Humansdorp re uitnodiging van die SK-Dagbestuur Bylaag Y

10.9.1 Die vergadering neem Bylaag Y (Uitnodiging van die SK-Dagbestuur rondom skrywe van die Ring: Sinodale Dankoffers - dd 2006-10-25) ter tafel.

10.9.2. Besluit: Die skrywes vervat in Bylae Y word ingesluit by die gespreksgeleentheid soos dit by pt 10.4.2 voorsien word.

10.10 Skrywe Ring van Humansdorp re reaksie op huwelikswet Bylaag Z

10.10.1 Bylaag Z (Reaksie op huwelikswet - dd 2006-10-25) dien voor die vergadering.

10.10.2 Besluit: Die voorsitter en ondervoorsitter word versoek om 'n skrywe aan lidmate op te stel, vir verspreiding deur die OosKaap eNuus.

11. ANDER SAKE

11.1 Sinodale Begroting 2007/200

11.1.1 Besluit: 'n Spesiale vergadering van die SK-Dagbestuur word vir Donderdag 9 November 2006 om 12:00 belê om die begroting vir die komende SK-vergadering voor te berei.

11.2 Waarnemende Skriba

11.2.1 Ds Mouton deel die vergadering mee dat hy vir die periode 15-26 November 2006 in die buiteland sal wees. Hy sal egter die dokumente vir die SK-vergadering van 23 November voorberei.

11.2.2 Besluit: ds Arnold van der Westhuizen word versoek om die notulering van die Sinodale Kommissie (23 November) en die ontmoeting met die RK Humansdorp (22 November) waar te neem.

11.3 Accra Verklaring Bylaag W

11.3.1 Bylaag W (Accra Verklaring World Alliance of Reformed Churches - dd 2004-07-30) dien voor die vergadering, tesame met 'n konsep-respons van die NG Kerk. Die ATL vra kommentaar op die konsep-respons.

11.3.2 Besluit: Ds Rethie van Niekerk word versoek om kommentaar op die konsep-respons voor te berei. Lede kan hul kommentaar met die oog hierop aan haar deurgee by rethie@global .co.za.

12. VOLGENDE VERGADERING

12.1 Die volle SK vergader op 23 November 2006 in Port Elizabeth.

13. AFSLUITING

13.1 Die vergadering word met gebed afgesluit.